

Gereformeerde Kerk Bellville – 9 Augustus 2015 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 115:1, 2 (p.564)

- 1 Nie aan ons, o troue God, / aan u Naam alleen gee eer!
Waarom sou die nasies spot / as hul oor ons triomfeer?
Om u goedheid, wees nie stil! / Red ons om u trou ontwil!
- 2 Waarom sou die nasies spot, / met die uitroep ons trotseer:
“Waar is nou die HEER, hul God?” / In die hemel sit die HEER,
en Hy doen wat Hom behaag: / net sý wil geskied omlaag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 68:9, 12 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.
- 12 Loof God in sy gemeente alom, / o volk, uit Jakob voortgekom, / die eerste stammevader.
Hoe vrolik gaan na Sions top / die stamme uit hul wonings op / om voor Gods troon te nader!
Die kleinste, Benjamin, is daar, / ’n vors weleer; en Juda’s skaar / met al die leeuestryders;
ook Sébulon en Náftali / wat vir geen vyand sidder nie – / van ouds die volksbevyders.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 51:3, 8 (p. 261)

- 3 Dis nie dié sonde alleen wat roep om straf: / ek is in ongeregtigheid gebore,
en lê voor U in doemskuld gans verlore / al van die uur van my ontvang’nis af.
U eis is waarheid in my binnest’, HEER; / en ek is tot my wesensgrond toe skuldig!
Daal af in my verborge diepte en leer / my daar u wysheid, diep en menigvuldig.
- 8 Gebroke hart en gans verslae gees – / dit is u offers, HEER! Geen altaardiere,
geen bloed of vet van kleinvee of van stiere, / kan voor u oog die ware offers wees.
Doen goed aan Sion, wees dit welgesind, / en bou weer op Jerusalem se mure;
dan sal ons hand die regte offers vind, / brandoffers opgeur uit die altaarvure.

Gebed

Psalm 110:3, 4 (p. 550)

- 3 U volk, gereed tot dapper krygsmansdade, / sal met U uittrek op die dag van stryd.
Hul sal verskyn in heil’ge feesgewade, / in diensplig een en al gewilligheid.
- 4 Die frisse dou, deur môreglans omtower, / wanneer die son net oor die kimlyn gaan,
word nie so dig gevind op kruid en lower / as wat die jonge manskap om U staan.

Skriflesing: Johannes 6:22-40; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, Artikel 11

Kernvers: Johannes 6:37-40

Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie. Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag. En dit

is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag. (Johannes 6:37-40 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 1, Artikel 11

God self is alwys, onveranderlik, alwetend en almagtig, en daarom kan sy daad van uitverkiesing nie onderbreek, verander, herroep of afgebreek word nie. Die uitverkorenes kan ook nie verwerp of hulle getal verminder word nie.

Tema: Kan God se werk ongedaan gemaak word?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons het in hierdie lewe, en veral wanneer dit kom by ons werk, gewoon geraak om ons sukses aan getalle te meet. Die verkoopsman het 'n teiken van soveel artikels wat hy per maand moet verkoop. 'n Skool word beoordeel aan die slaagsyfer wat hulle jaar na jaar handhaaf.

Omdat so baie dinge se sukses in syfers gemeet word, word ons verlei om ook ons geloofslewe te meet. Natuurlik moet ons ons verhouding met die Here voortdurend meet, want 'n verhouding werk mos van twee kante af. Die Here het die verhouding met mense begin en Hy bly voluit daarin betrokke. En omdat die Here voluit in hierdie verhouding betrokke is en bly, wil Hy hê dat gelowiges ook net so voluit daarin betrokke sal wees en bly.

Wanneer ons dus die Woord van die Here as maatstaf aanlê om ons verhouding met die Here te meet, wil ons bepaal of ons nog groei in ons verhouding met die Here. Indien ons groei waarneem, is ons dankbaar daarvoor en loof die Here daarvoor. Maar as daar geen groei is nie of selfs agteruitgang in ons verhouding met die Here moet ons die probleem soek en aanspreek. Die moeilikheid is dat mense die probleem soms nie by hulleself soek waar dit eintlik is nie, maar by die Here. Hulle meet nie hulle verhouding met die Here nie, maar die Here se verhouding met hulle. Omdat hulle nie groei in hulle verhouding waarneem nie, nie die intiemheid van die Here in hulle lewens opmerk nie, meen hulle die Here het nou van opinie oor hulle verander.

In artikel 10 kyk ons terug na die oorsaak van die ewige uitverkiesing van God. Die oorsaak van die genadige uitverkiesing is slegs die welbehoe van God. In artikel 11 kyk ons vorentoe om die vraag te beantwoord: Kan die uitverkiesing verander? Kan die uitverkiesing van God ongedaan gemaak word? En ten diepste dan die vraag: Sal God verander en sy besluit oor mense wysig?

Hierdie vrae wys vir ons watter ellende die dwaling dat die mens self vir die Here kies, veroorsaak. Wanneer jy die uitverkiesing van die mens se kant af wil verstaan, gaan jy noodwendig by iets so onsinig uitkom soos dat God veranderlik is en nie alwys en almagtig nie. Omdat mense kamtig self vir die Here kan kies, kan dit gebeur dat die mens van standpunt verander oor die geloof en dit het dan tot gevolg dat God ook sy besluit moet wysig, so asof die ewige God op gelyke voet met die mens in hierdie verhouding staan.

Broers, susters en kinders, dit gebeur tog in hierdie lewe dat mense aanvanklik 'n hartstogtelike belydenis van hulle geloof maak en ywerig in 'n verhouding met die Here lewe. En dan op 'n dag gebeur dit dat daardie mens net nie meer erns maak met sy verhouding met die Here nie. Hy lees nog so af en toe Bybel en later glad nie meer nie.

Van bid bly daar ook niks oor nie. Is dit nou regverdig om te sê dat God sy besluit oor daardie mens gewysig het? Is daardie mens nou nie meer uitverkies nie?

In Johannes 6:22-40 kry ons met vier vrae van die skare te doen wat Jesus gaan soek het nadat Hy die brood en vis vermeerder het. Die skare het Jesus egter nie gesoek omdat Hy die Seun van God is wat die woorde van lewe verkondig nie. Hulle het Hom ook nie eers gesoek omdat hulle die tekens gesien het wat Hy doen nie, maar omdat hulle van die brood geëet het en nou soek hulle nog van hierdie brood. Jesus dring by hulle daarop aan om nie na verganklike brood te soek nie, maar na die brood wat die ewige lewe sal gee. En hierdie brood sal hulle by die Seun van die mens kry, want God het Hom daarvoor bestem. So antwoord Jesus op hulle eerste vraag in vers 25 en 27.

In die volgende twee vrae van die skare (Joh 6:28-33) maak Jesus eerstens duidelik dat Hy deur God gestuur is en die mens in Hom moet glo sodat hulle die werke van God kan volbring. Die woord *gestuur* sê dat God sy Seun met 'n bepaalde opdrag na die wêreld gestuur het. Hierdie opdrag word duideliker in die derde vraag se antwoord. Die Seun van die mens wat uit die hemel neergedaal het, is die brood van God wat lewe aan die wêreld gee.

Hierdie antwoord van Jesus spoor die skare aan om te vra dat Jesus altyd vir hulle hierdie brood moet gee. Die skare het in hulle gedagtes nog vasgehaak by brood wat 'n mens eet. Hulle kan nie verstaan dat Jesus nie meer van brood praat nie maar van Homself wat die brood van God is. Daarom maak Jesus dit nog soveel duideliker:

Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie. (Johannes 6:35 AFR53)

Met hierdie woorde roep Jesus die skare onvoorwaardelik na Hom toe om in Hom te glo oor wie Hy is – die brood van die lewe. Wie in Jesus glo, sal geestelik gevoed en versterk word tot in ewigheid, want Jesus is gestuur met die opdrag om lewe te gee deurdat Hy mense van die dood verlos. Hierdie skare het die vreugdevolle boodskap van ware lewe deur Christus gehoor omdat God Hom na hulle gestuur het (vgl. Dordtse Leerreëls 1:3).

Onvoorwaardelik roep God mense deur die Woord tot bekering en geloof in Jesus. *Onvoorwaardelik* in hierdie sin beteken dat die mens nie eers aan sekere vereistes moet voldoen voordat God hom roep nie. Die Here sluit sy Woord in Openbaring met hierdie onvoorwaardelike oproep tot geloof af:

Die Gees en die bruid sê: Kom! En elkeen wat dit hoor, moet sê: Kom! En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet! (Openbaring 22:17 AFR83)

Maar mense is so dood in hulle sonde dat hulle nie eers die roepstem van God hoor nie en nie daarop kan reageer nie. Dit is nie net geharde heidene wat so morsdood in die sonde is nie. Ook fatsoenlik godsdienstige mense, soos hierdie Jode met wie Jesus praat, is so dood in hulle sonde. Jesus sê dit vir hulle: Hulle het Hom gesien – die wonders wat Hy doen – en die woorde wat Hy spreek het hulle gehoor – maar hulle glo Hom nie.

Hierdie skare het Jesus verwerp, nie omdat daar te min bewyse was nie. Hulle het Hom verwerp omdat hulle die duisternis van hulle sonde liever gehad het as die Lig. Hulle kom nie in die lig nie, want dan gaan hulle sonde aan die lig kom en hulle wil dit nie afstaan nie. Daarom bly hulle dood in die sonde en kan nie die roepstem van God hoor nie.

Geen mens kan uit sy eie na Jesus toe kom nie. Niemand dink dit is 'n goeie idee om na Jesus toe te kom nie. Eers wanneer die Heilige Gees die nuwe lewe skenk en die mens se

oë en ore gaan oop, kan hy die roepstem hoor en in Christus begin glo. Terselfdertyd bly die mens self verantwoordelik vir sy ongeloof. Niemand kan die skuld vir sy ongeloof op die Here pak nie, want die mens het homself in die dood van die sonde gedompel toe hy al van Adam se tyd af die Here gewantrou het.

Hoe sal iemand dan gered kan word? Kyk net hierdie groot skare wat Jesus dan verwerp het. Beteken dit dan dat Jesus in sy opdrag gefaal het? Kan 'n mens werklik deur Jesus alleen gered word as so baie mense vandag nog hulle rug op die Here en sy evangelie draai?

God die Vader alleen bewerk die redding van mense wat dood is in hulle sonde. Voor die skepping het Hy 'n sekere aantal mense uit die hele mensdom uitverkies. In die ewigheid – voor die skepping – het God ook sy Seun gestel tot Middelaar en Hoof van die uitverkorenes. En hierdie sekere aantal mense wat God uitverkies het, het Hy aan sy Seun gegee om hulle salig te maak.

Hier in ons kernverse sê Jesus twee maal dat die Vader aan Hom mense gegee het. En in die hele evangelie volgens Johannes hoor ons nog sewe keer hoe Jesus sê dat God mense aan Hom gegee het (Joh 10:29; 17:2, 6, 9, 24; 18:9). Daar is dus geen twyfel dat God sy uitverkorenes aan sy Seun gegee het nie.

God het hierdie mense onvoorwaardelik aan sy Seun gegee. Hierdie mense moet nie eers oor die een of ander eienskap beskik het voordat God hulle aan sy Seun gegee het nie. So dood as wat hulle is in hulle sonde het die Vader hulle aan sy Seun gegee en Hy sal hulle verlos en deur sy Gees tot bekering en geloof bring en hulle heilig maak sodat hulle uiteindelik volmaak is. God wil hierdie mense wat Hy uitverkies het en aan sy Seun gegee het, red. En die heerlike troos is dat Jesus in staat is om dit te doen, want daarvoor het sy Vader Hom gestuur.

Dit is dan hierdie mense wat die Vader aan sy Seun gegee het wat ook na Jesus toe kom. Hulle word nie teen hulle sin na Jesus toe gesleep nie. Deur die Heilige Gees maak die Here hierdie uitverkorenes van binne af gewillig om na Jesus toe te kom (vgl. Dordtse Leerreëls 3 en 4:11).

Geliefde broer, suster en kind, as jy dan in Christus glo, is dit so omdat die Here jou hart en ore en oë oopgemaak het. Jy glo omdat die Heilige Gees nuwe lewe aan jou geskenk het, sonder dat jy iets daartoe bygedra het. Jy glo omdat die Vader in sy groot genade jou voor die skepping aan sy Seun gegee het. Almal wat die Vader aan sy Seun gegee het, sal Hy verseker verlos. Dit is die versekering wat Jesus self aan ons gee:

En Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie. (Johannes 6:37b AFR53)

Jesus sal elkeen wat sy Vader aan Hom gee, verlos en veilig bewaar tot in ewigheid. Dit is oor hierdie woorde van Jesus self dat ons met soveel oortuiging en sekerheid bely dat **die uitverkiesing van God nie verander, onderbreek of herroep kan word nie. Die uitverkorenes kan nooit verwerp word of hulle getal verminder word nie.** Ons hoor hierdie sekerheid in Jesus se woorde.

Die woord wat ons vertaal met *verwerp* dra die gedagte oor dat die een wat gegee is binne is. Net iets of iemand wat binne-in 'n gebou is, kan uitgejaag word en verwerp word. Dit wil sê, die mense wat die Vader aan sy Seun gee, is binne-in die teenwoordigheid – binne die hand van Jesus. Hierdie mense wat God aan sy Seun gegee het, behoort dus van ewigheid af aan Jesus.

Verder sê Jesus dat Hy hulle wat aan Hom gegee is nooit sal verwerp nie. *Nooit* beteken tot in ewigheid sal dit nie gebeur nie. In die Grieks word *nooit* beklemtoon met 'n dubbele negatief. Daar is dus hoegenaamd niks wat sal veroorsaak dat Jesus een van die mense wat sy Vader aan Hom gegee het, sal vergeet, verloor, verlê of verwerp nie. Partykeer kry ons geskenke waarvoor ons nie nut het nie. Daarom pak ons sulke geskenke weg en vergeet daarvan. Of in agtelosigheid verlê of verloor ons geskenke wat ons ontvang het. Of nog erger, ons gee die geskenk wat ons nie wil hê nie aan iemand anders. Jesus sê Hy sal nooit in der ewigheid so iets doen met die mense wat sy Vader aan Hom gegee het nie.

Jesus versterk hierdie sekerheid nog verder deur daarop te wys dat dit die Vader se wil is dat Hy niemand wat aan Hom gegee is, sal verloor nie. Die Vader het sy Seun met 'n bepaalde opdrag na hierdie wêreld gestuur, daarom het Jesus uit die hemel neergedaal – nie om sy wil te doen nie, maar die wil van sy Vader. En op 'n ander plek verseker Jesus ons dat Hy nie die wil van God lukraak doen nie. Hy doen dit voluit en dit is al wat Hy doen, want dit is sy Vader se opdrag aan Hom.

Die sukses van Jesus se verlossings- en bewaringswerk word dus nie bepaal deur mense se reaksie nie, maar deur God se wil wat vas en seker is. En daarby is Jesus as die ewige Seun van God bekwaam om hierdie opdrag uit te voer. Hy is immers ware God en terselfdertyd ware en regverdige mens. Hy kan en het die volle prys vir die lewens van die uitverkorenes betaal. En omdat alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee is, kan en sal Hy elke uitverkorene veilig bewaar totdat Hy daardie mens vlekkeloos en volmaak voor sy Vader in die hemel gebring het. En op die laaste dag sal Jesus elke uitverkorene van die Vader opwek om vir ewig saam met God op die nuwe aarde te lewe.

Om aan hierdie sekerheid wat Jesus ons gee styf vas te hou, het ons hierdie handvat in artikel 11. ***God is alwys, onveranderlik, alwetend en almagtig, daarom kan die uitverkiesing nie onderbreek, verander, herroep of afgebreek word nie.*** Mense neem besluite, maar verander dit of wysig die besluit totaal omdat hulle nuwe inligting en beter insig het. God is egter alwys. Daar is nie inligting wat sal veroorsaak dat Hy sy ewige besluit van die uitverkiesing sal wysig nie.

In sy wese is God onveranderlik. Daarom kan ons seker wees dat sy besluit van die uitverkiesing en die wyse waarop Hy hierdie besluit tot uitvoer bring nooit sal verander nie. Dink net watter onrus dit sou veroorsaak as God sou openbaar dat Jesus Christus nie meer 'n voldoende Verlosser vir die uitverkorenes is nie. Almal sou dan van vooraf verlore wees.

Uitverkorenes is in hierdie lewe nog nie volmaakte mense nie. Hulle doen nog sonde omdat hulle nog 'n sondige natuur het wat hulle aan die afsterf is. Maar omdat God alwetend is, weet Hy ook dat die mens net stof en as is – nog steeds geneig tot sonde. Maar selfs daardie sonde van 'n uitverkorene laat God nie voor 'n onbegonne taak te staan kom nie. Hy is almagtig en sal sy besluit deurvoer deur die uitverkorene weer tot berou en bekering en geloof te bring. Hy gaan voort met sy besluit deur sy Seun wat elke uitverkorene veilig bewaar tot in die ewigheid.

Watter groot genade skenk die Here ons deur sy Gees en Woord?! Omdat Hy alwys, onveranderlik, alwetend en almagtig is, is sy uitverkorenes vir ewig uitverkies. Gelowiges staan nie op gelyke voet met die Here in hulle verhouding met Hom nie. Daarom mag 'n gelowige nooit sê dat die Here hom nou gelos het omdat hy in sy verhouding met die Here veragter het nie. Die Here kies juis die mens wat niks is en maak hom ewig sy kind om

Homself te verheerlik. Dit maak ons beskaamd, want wie is ons tog dat die Here soveel sorg aan ons bestee?

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 1-1:2, 7 (24:2, 7)

- 2 Hy het deur eie wil bewoë, / dat niks ons ooit weer sou vervreem,
om Christus wil, uit mededoë, / ons as sy kinders aangeneem;
dat ons, by guns so vry gegewe, / in hart en wandel onbevlek,
sou leef voor Hom, in liefde lewe, / wat lewe^oin dooie harte wek.
- 7 Ons sal, in lewe en in sterwe, / Gods eiendom vir altyd wees;
ons sal wat Hy beloof het, erwe, / verseël deur die Heil'ge Gees.
Hy is die waarborg ons gegewe, / die eerst'ling van die volle som;
ons sal die reddingsdag belewe – / die gloriëdag van God, wat kom.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
9 Augustus 2015